

Saam in die gemeenskap van die gelowiges

Teks: Prediker 4: 1 - 17 & Sondag 38

Tekvers: Prediker 4: 9- 12

1. Inleiding

Vanaand in die leediens is ons by die ongemaklike saak van die 4de gebod. Soos ons goed weet is hierdie eerste 4 gebooië nie landswette in die siviele regswêreld nie. Met ander woorde die staat en owerheid sal jou nie vervolg vir die oortreding daarvan nie. Maar wanneer dit by die 4de gebod kom, sien ons vandag om ons selfs groter verval.

Want waar meeste Christen gelowiges op 'n manier nog daarop let om ten minste die 1ste 3 gebooië te onderhou sien ons iets anders by die 4de gebod. Die 4de gebod word maklik gerangeer tot iets Ou Testamenties of outyds. Erediens bywoning en veral die ingesteldheid en ywer vir erediens bywoning by die deursnee gelowige vandag is baie laag. Ons kan selfs sê, in die geskiedenis van ons kerk hier in Suid Afrika sien ons ongekende laagtepunte.

Maar is dit dan vandag nog so belangrik om die sabbatdag te onderhou, en ook spesifiek teenwoordig in die erediens? Of is die sabbatdag die ideale dag om te ontspan, familiebande te versterk of

selfs inkopies te gaan doen? Selfs georganiseerde sport sluip so stil stil die sabbatdag in. Vir die moderne mens het die sewende dag, maar net nog 'n dag geword om gewoon aan te gaan met die dagtaak.

En alhoewel dit waar is dat ons Here Jesus Christus in Markus 2:27 sê: “Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie.” Is daar tog steeds belangrike opdragte en gebooië oor die sabbatdag. Kom ons word vanaand, soos dit ons voorreg is, in die gemeenskap van gelowiges stil voor hierdie saak.

2. 'n Groter taak

Ons word vanaand stil voor die woord van die Here uit die bekende teksgedeelte in Prediker 4. Die gedeelte waarin die voordeel van meer as een persoon bymekaar geopenbaar word. En sommer die eerste oogopslag wanneer ons ook die verse rondom ons teksvers sien, word iets duidelik. Ons teksverse volg op die leegheid wat beleef word deur 'n man wat familie en vriende opoffer vir sukses en rykdom.

Daar is 'n belangrike kontras wat raakgesien moet word. Die man wat alleen werk en ywer, het nie 'n einde aan al sy inspanning volgens vers 8 nie. Sy rykdom word meer en meer.

Tog is daar duidelike beperkings op wat 'n mens alleen kan doen. En daarom vaar 2 beter as een. Die inspanning wat deur meer as een persoon gefokus saam gedoen kan word, kan soveel meer verrig. Ons ken dit goed uit die werksplek en ook sport wat in 'n span beoefen word.

Tog wanneer dit by geloof kom, dink mense heeltemal anders. Geloof word gesien as daardie diep persoonlike saak wat in jou binneste gebeur. Iets wat eintlik ten alle koste weggehou moet word van die wêreld af. Maar dit is op nie waar nie. Geloof wat so goed weggesteek word, kan maklik verdring word, deur ander sake in die wêreld.

Maar die eintlike probleem is in die groot opdrag. Die groot taak wat ons in die geloof opgelê is. Dit is en bly waar dat ons net uit genade alleen, sonder enige verdienste van ons kant gered word. Maar as wedergebore gelowiges het ons 'n taak. Ons het die opdrag om die evangelie te gaan versprei terwyl ons teen die sonde en bose waak. Besef ons vandag nog hoe groot is hierdie taak, en dat wanneer ons hande vat daar 'n soveel groter kans op sukses is?

3. Daar in nood

Die volgende saak waarin hierdie behoefte aan die groter benadering duidelik word, is die nood in die wêreld. Daar is twee maniere om na die toestand van die wêreld rondom ons te kyk. Die eerste manier is om die Aand preek

huidige toestand te admireer en prys. Die voordeel in hierdie benadering is dat daar dan natuurlik rustig terug gesit kan word, terwyl niks gedoen word nie.

Maar die tweede manier is eintlik hoe God ook na ons en die samelewing kyk. Hy het immers juis Sy eniggebore Seun hiervoor gestuur. Dit is om eerlik en in waarheid die foute raak te sien. Dit is om die nood raak te sien. En dit is waarin meer as een mens bymekaar weereens baie belangrik word. Want wanneer die nood raakgesien word, sien ons ook hoe groot die taak is, soos in ons vorige punt.

En uiteindelik is dit ook waaroor geloof gaan. Die uitleef van my Christelike geloof is nie maar net 'n selfsugtige ingesteldheid op my eie posisie en plek nie. Dit is eenvoudig nie genoeg dat my verlossing en redding vas en seker staan nie. Die geloof gaan ook oor die verantwoordelikheid vir my broer en suster in die geloof. 'n Groter verantwoordelikheid.

Dit is ook dikwels in hierdie groter verantwoordelikheid waar ons die tekortkominge van 'n enkele persoon alleen ervaar. Dit is juis hier waar ons mekaar meer en meer nodig het. Tog weet ons dat 'n klomp mense bymekaar nie eenvoudig 'n probleem oplos nie. Daar is rigting en fokus nodig. Daar is kennis, opleiding en ondersteuning nodig. Daar is woordverkondiging nodig. En daarom is woordverkondiging in die erediens

so belangrik. Dit is nie maar 'n sekondêre saak wat na willekeur nagelaat kan word nie. Want so 'n "lae prioriteit" ingesteldheid, sal spoedig tot selfsug en eie voordeel lei. En uiteindelik sal die nood in die wêreld nie meer raakgesien word nie.

4. Ondersteuning en beskerming

Tog bly die eintlike fokus in ons teksgedeelte vanaand die ondersteuning en beskerming van mekaar. Daar word drie gebiede as voorbeelde van hierdie ondersteuning en beskerming gebruik. Hierdie drie gebiede is die ophelp van 'n val, warmte terwyl 'n mense slaap, en weerstand teen die vyand. En terwyl al drie hierdie sake letterlike op hulle eie bene kan staan, is ons tog hier meer met beeldspraak besig.

Die val en ophelp kan duidelik verbind word met sonde en dit toegee aan verleidings en versoekings. Die erediens op die sabbatdag kan leiding en rigting in terme van geloofskennis verskaf in hierdie situasie. Maar dit kan ook 'n skielike oop sitplek van 'n getroue broer of suster openbaar. Dit kan op hierdie manier 'n uitgesproke uitroep om hulp wees.

Wanneer dit by warm slaap kom gaan die nie soseer oor die seksuele nie. Dit gaan oor die nabyheid van my broer en suster wat 'n unieke warmte aan die lewe gee. Ook iets wat veral in die erediens kan gebeur. Laastens gaan dit

oor beskerming teen die vyand. Ons kan 'n goeie argument maak vir die feit dat wanneer ek gereeld in die midde van die gemeenskap van die gelowiges is, sal dit moeiliker vir die Satan wees om my te verlei en te versoek.

Die laaste saak wat in die fokus van vers 9 tot 12 uitstaan is die afwesigheid van die depressiewe uitroep van die prediker. Ons lees nie dat Salomo oor die twee wat beter as een vaar skryf dat dit 'n gejaag na wind is nie, of dat alles tot niks kom nie. Vir die prediker is daar dus tog iets van 'n ewigheids waarde in die gemeenskap van die gelowiges. Uiteindelik moet ons nie van die samekoste van die gemeente af wegbly nie in die woorde van Hebreërs 10:25.

5. Slot

Ons kan vanaand se leerdiens afsluit met die eenvoudige boodskap dat dit beter is om bymekaar te wees. Dit is beter om as 'n span saam te werk. En dit dit is ook waar vir ons geloofslewe. Dit is wat ons bely in die verduideliking van die vierde gebod. Die almagtige hemelse Vader skep van die begin af die wêreld op so 'n manier dat daar 'n dag vir rus is. Maar die rus op die sabbatdag is nie daardie vervelike eenkant rondsit op my eie nie.

Die sabbatdag is die voorreg om met iets anders besig te kan wees. Op die sabbatdag het ons die geleentheid en tyd om ook georganiseerd ons geloof te beoefen. Ons het die voorreg om

bymekaar te kom in die erediens. Maar die bese weet dat wanneer hy ons een ver een begin weg hou van hierdie samekoms van gelowiges, daar 'n beter kans op verleiding en versoekings is. Daarom moet ons daarteen waak. Dit moet ons gewoonte wees om in die erediens bymekaar te kom en die Here saam te loof en prys. Ons moet saam kom stil word voor die woord van die Here.

Want uiteindelik is ons ook saam sterker. Ons is ook saam beter toegerus vir die opdrag wat ons in die geloof moet gaan uitleef. Saam kan ons die Here eer en verheerlik. Die gedagte van 'n gemeenskap van gelowiges, is nie 'n nuwe saak wat skielik in die middel van die Bybel vorm begin aan neem nie. Reg van die begin af het die Here nie die mens geskape om alleen te wees nie. Uiteindelik is dit ook nie iets wat uiteindelik uitgedien sal word nie. Ons sal tot by die wederkoms en waarskynlik selfs nog daarna deur die werking van die Heilige Gees nader aan mekaar en nader aan die Here getrek word.

Amen